



THE VOICE OF THE MARTYRS
DIE STEM VAN DIE MARTELARE

Januarie 2023

Gehoorzaam,

Ongeag die Koste

**REDDING VIR HAAR
HUISHOUDING**

**BEWEEG VORENTOE,
ONGEAG DIE KOSTE**

**KUBA SE "TEEN-REVOLUSIONÊRE
KRIMINELE"**




"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3



1 Korinthiërs 12:24-26 – AFR53

24. Terwyl ons sierlike lede dit nie nodig het nie; maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee, 25. Sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra. 26. En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.



Hoe lank sal ons Christenbroers en -susters alleen ly?

Soos die Ou Testamentiese profeet, Elia, trotseer vandag se vervolgte Christene alleen dikwels hewige vervolging. Elia het Israel se goddelose koning, Agab en sy vrou, Isebel, teëgestaan nadat hulle die Israëliete verlei het om die vals god, Baäl te aanbid. In 'n dramatiese konfrontasie op die berg Karmel, het Elia alleen teenoor honderde Baälprofete gestaan. "Ek het alleen oorgebly as profeet van die HERE," het Elia uitgeroep, "terwyl die profete van Baäl vierhonderd-en-vyftig is". (1 Kon 18:22). Nie een Israëliet het Elia te hulp gekom nie.

Vervolging is en was nog altyd 'n gereelde verskynsel vir baie in die liggaam van Christus. Maar as dit normaal is in kerkgeskiedenis, waarom is reaksie teen vervolging uitsonderlik? Die kwessie is nie of getroue getuies vir Christus in plekke soos Burkina Faso hewige vervolging sal trotseer nie, maar dat hulle ontmoedig sal word deur dit alleen te moet doen.

Christene wat in die wêreld se moeilikste

en gevaarlikste plekke vir ons geloof woon, is saam met ons lede van een liggaam – die liggaam van ons Here. Die lyding van enige lid van Christus se liggaam verdien altyd ons besorgheid. Om hulle sonder hulp te laat, ontmoedig hulle en onteer Christus. Die Skrif leer dat daar "geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie", want sy lede sorg vir mekaar: "As een lid ly, ly al die lede saam" (1 Korinthiërs 12:25–26).

Ons moet vasbeslote wees om spoedig aan hulle hulp te verleen. Die korrekte reaksie wanneer 'n gesinslid aangeval word, is om sonder huiwering alles vir hulle te doen wat ons kan. Ons bid dadelik en gaan help op enige manier moontlik. Vervolgde Christene soos Jamila, 'n Christenbekerling uit Islam, wat vasgevang is in 'n huwelik waarin sy misbruik is, is nie 'n statistiek om te bespreek nie, 'n teoretiese probleem om op te los of te verdedig nie. Jamila is vir altyd ons kosbare suster. As ons verstaan

wat God se doel vir die lede van Sy familie is, sal ons die uitroep van vervolgte Christene hoor: "Hoe lank moet ons alleen staan en ly?" Ons onmiddellike reaksie sal dus wees: "Nie lank nie! Ons is op pad."

Ek het gevind dat baie opregte Christene in ons volk geen kennis het van die vervolgte lede van ons ewige familie nie. Onder die wat wel weet van die vervolgdes, is die meeste onbewus van die kragtige maniere waarop ons hulle kan ondersteun en bemoedig. **Ons gebede maak saak:** Vervolgde Christene word baie bemoedig deur te weet dat ons hulle lot verstaan hulle in gebed opdra. **Ons gawes maak saak:** Dit voorsien kos, klere, skuiling en Bybels aan ons Christelike familielede in hul tyd van die grootste nood. **En ons stemme maak saak:** Oorweeg asseblief om die naam van hierdie nuusbrief as 'n taak op jouself te neem. Sal jy die stem van die martelare wees?

Verlossing

vir Jou en Jou Huishouding



Jamila het vir meer as drie dekades 'n gewelddadige huwelik beleef. Sy is as 'n Moslem grootgemaak en deur haar pa gedwing om in 'n voorafgereëde huwelik met 'n wrede Moslemman te tree. "Ek het getrou, nie omdat hy aangenaam of goed was nie, maar omdat ek moes," het sy gesê. Jamila se man het haar van dag een af meer as 'n besitting beskou as 'n persoon en baie gou het hy haar fisies begin aanval.

Te midde van die voortdurende slae en dreigemente het Jamila se hart gesmag na goedheid en waarheid. Sy het vir jare gestoei met vrae oor Islam en toe 'n Christelike TV-uitsending haar na die waarheid van Christus gelei het, het Jamila die antwoorde gevind wat sy gesoek het. Die geloof in God wat vir haar vrede gebring het, het egter geblyk om net die geweld in haar huis te vererger.

'n Onwaarskynlike Opvoeding

Alhoewel Jamila 'n burger van 'n Midde-Oosterse land is, is sy gebore in 'n Westerse nasie waar haar Moslemvader as 'n verteenwoordiger van sy Arabiese

regering geplaas is. Na haar ma se afsterwe, toe Jamila 5 jaar oud was, het haar pa haar na 'n Katolieke kosskool gestuur. Sy is daar deur nonne geleer en was verplig om kapeldienste by te woon waar Jesus Christus vereer is. Die saadjies van daardie vroeëre lesse het egter wortel geskiet in haar hart: Jesus Christus was werklik en Hy het haar liefgehad.

Toe Jamila 18 geword het, het haar pa haar teruggestuur na die Midde-Ooste. Omdat sy haar hele lewe lank in 'n Westerse nasie geleef het, het sy gevoel asof sy in 'n vreemde land afgelaai is. Sy het van een familielid se huis na 'n ander s'n gegaan, skaars die taal verstaan en glad nie die kultuur van haar omgewing verstaan nie.

Jamila is eers na 'n Arabiese skool gestuur om haar taalvaardighede te verbeter en die vermoë te kry om die Koran te lees. Daarna is sy na Saoedi-Arabië gestuur vir Islamitiese godsdiensopleiding. "Ek het so baie vrae oor Islam gehad," het sy gesê. "Dit is baie duidelik in die Koran: haat Christene, haat Joodse mense. Ek het direk gevra waarom dit in die Koran geskryf is. Hoekom haat julle mense? Hulle het my

▲ Jamila het vrae oor Jesus Christus gehad terwyl sy die Koran tydens Islamitiese godsdiensopleiding bestudeer het. Vandag aanbid sy Hom as haar Verlosser.

vrae geïgnoreer. Hulle het nie vir my die regte antwoord gegee nie." Jamila se pa het haar gedurende daardie selfde tyd in 'n huwelik met 'n Moslemman gedwing.

Terwyl sy haar Islamitiese opleiding voortgesit het, het Jamila gehoor hoe 'n imam Jesus Christus kritiseer, hy het dinge gesê wat nie ooreengestem het met wat sy in Katolieke kosskool geleer het nie. "Hoekom sê hierdie mense sulke slegte dinge oor Jesus?" het sy gewonder. Sy het geleer dat Jesus Christus liefdevol, vriendelik en goed is. Sy het geleer dat Hy gekruisig is, gesterf het en na drie dae weer opgewek is, terwyl Moslems ontken dat Hy selfs aan die kruis gehang het.

Toe, sewe jaar gelede tydens die Moslems se heilige maand Ramadan, het Jamila antwoorde vir haar baie vrae begin kry.

“Die Here staan saam met my. Ek het Sy hand deur my hele lewe gesien!”

Antwoorde Gekry

Terwyl Jamila in Saoedi-Arabië gestudeer het, het sy 'n droom gehad waarin sy 'n lig gesien het so helder dat sy nie haar oë kon oopmaak om te sien waar dit vandaan kom nie. Toe sy terugkeer huis toe, het sy die TV aangeskakel en deur satelliet-TV-kanale begin soek. Soos wat sy op Christelike kanale afgekom het, was haar eerste reaksie om soos 'n goeie Moslem, vinnig daardeur te beweeg. Maar sy het gevoel asof iets of iemand haar hand vasgehou het, wat haar verhoed om die knoppie te druk om verby die kanaal te beweeg. Sy het met belangstelling gekyk hoe 'n evangelis Islamitiese leerstellings uitgedaag het en 'n duidelike aanbieding van die Evangelie gegee het. Jamila, wat soveel vrae oor Islam gehad het, was verbaas om iemand openlik te sien wat soortgelyke vrae op TV vra – en die antwoorde verskaf.

Jamila wou graag die antwoorde

op haar eie vind en het begin om die evangeliese leringe te vergelyk met die van die Koran en ander boeke en op die internet. Op die ou end het sy nie die antwoorde in Islam gevind nie.

Vasbeslote om meer te leer oor die Bybel, en herinneringe aan die nonne en hulle lesse as kind, was sy op pad na die plaaslike Katolieke kerk. Maar toe sy daar aankom, is sy deur kerkleiers weggewys wat gevrees het dat die teenwoordigheid van 'n Moslemvrou in hulle midde probleme sou veroorsaak. Toe het 'n vriend Jamila gehelp om met die pastor van 'n evangeliese kerk kontak te maak. Hy het vir haar 'n Bybel gegee en Jamila het die duur besluit geneem om self oor Christus te lees.

Christus, Haar Verdediger

Jamila se man het haar sedert die eerste dae van hul huwelik gewelddadig misbruik, maar hy het haar nog wreder

begin behandel nadat hy verneem het dat sy die waarheid oor Christus nastreef. Hy het kos vir hul kinders voorsien, maar het haar soms nie toegelaat om te eet nie. Toe sy siek was, het hy haar verhoed om behandeling te kry. Die slae het ook voortgeduur. Maar Jamila het gevoel dat sy 'n verdediger in Jesus Christus het.

“Ek het deur die duisternis van Islam oor 'n man en vrou gegaan, hoe die man sy vrou as 'n slaaf sien,” het Jamila gesê. “My man het my vir selfs klein dingetjies geslaan. Van enige soort ding het hy 'n groot probleem gemaak en my geslaan. My man en familieledede het gedreig om my dood te maak. Ek het vir hulle gesê: ‘Ek gee nie om nie; doen wat julle graag wil doen. Ek neem Jesus as Verlosser; Hy sal my beskerm.’”

Jamila se volwasse kinders het sedertdien ingetree en sy het gesien hoe God haar beskerm. “Die Here het my nooit verlaat nie,” het sy gesê. “Hy was altyd by my. Ek het vele uitdagings trotseer, maar die Here het my daaraan herinner hoe Hy met my was.”

Op die vraag hoekom sy in 'n gewelddadige huwelik gebly het, het Jamila geantwoord: “Ek wil vir my kinders sorg.” Sy is vasberade dat haar tienerdogters nie soos sy in 'n gewelddadige Moslem-huwelik gedwing sal word nie.

Vir bemoediging en hoop, kyk Jamila na Paulus en Silas se belofte aan die tronkbewaarder van Filippi in Handeling 16:31: “Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.” Sy vertrou op Christus vir die redding van haar kinders en man.

“Ek glo in hierdie vers,” het sy gesê. “Die Here staan saam met my. Ek het Sy hand deur my hele lewe gesien!” ●



◀ Jamila vertrou met vreugde op God se beloftes terwyl sy bid vir die redding van haar Moslemfamilieledede. .

Vooruit Beweeg in die Skadu van die Dood

Nadat Islamiete ses Christene in Burkina Faso ontvoer en vermoor het, is familieledede en vriende bemoedig deur gemeenskap van die globale liggaam van Christus.

Die dag waarop Mariam se man, Emmanuel, vermoor is, sal vir altyd in haar geheue ingebrand wees. Emmanuel het as 'n kerkouderling in die dorpie Sebba, Burkina Faso, geleef en gedien. Hy het vir jare aktief die Evangelie in die streek rondom sy dorpie en langs die land se grense met Niger en Mali, verkondig.

Islamitiese militante van die selfverklarende Islamitiese Staat (ISIS) en Al-Kaïda loods gereeld aanvalle vanuit daardie twee nasies in Wes-Afrika se Sahara Woestyn. Christene in Burkina Faso was egter 'n primêre teiken van hulle aanvalle sedert April 2019 toe

Islamiete vyf kerke aangeval en omtrent 70 Christene vermoor het.

Meer as 200 kerke in noordelike en Oos-Burkina Faso het sedertdien gesluit weens sekuriteitkwessies en die bedreiging van verdere aanvalle en soveel as 10 000 Christene het uit hul huise gevlug. Terwyl net meer as die helfte van Burkina Faso se bevolking Moslems is, probeer die militante almal dwing om na Islam te keer. Die wat dan weier sal wrede gevolge trotseer.

Ouderling Emmanuel se Dood

"Oral kon jy bloed sien," het Mariam

gesê van die terrein waar militante haar man voor haar op 'n dag in Februarie 2020, vermoor het. "My oudste seun het aangehou hy wil inkom om sy pa te sien," het sy gesê, "om na sy gesig te kyk."

Vriende het desperaat probeer verhoed dat hy nie in die huis ingaan nie, maar hy het uiteindelik sy pad binnegedring. Toe die klere wat Emmanuel se kop bedek het, verwyder is, het Mariam se seun gesien dat sy pa se skedel oopgeklou was.

Benewens die moord op Emmanuel, het die militante alles van waarde gesteel, insluitend die gesin se motor. Mariam en haar kinders is met niks anders as diepe hartseer en trauma gelaat nie. "Ek het

Pastor Armel se vrou (voor middel) en kinders bly standvastig in hul geloof na sy ontvoering en moord.



foto's van die misdaad," het Mariam se seun gesê, "maar dit is so grusaam dat ek dit nie vir die ander kinders kan wys nie."

Pastor Armel Ontvoer

Terwyl Mariam se huis onder aanval was, het 'n ander groep Islamiete haar pastor se huis, nie ver weg nie, aangeval. Pastor Armel het net 'n dag vroeër sy 20ste bestaansjaar as leier van 'n plaaslike kerk gevier.

Volgens die pastor se seun, Saidou, het Pastor Armel vir sy gemeente tydens die herdenkingviering vertel dat hy wou hê hulle moes "die goeie stryd van geloof stry," soos hy vir twee dekades probeer doen het. Hy het ook die groeiende druk wat hy en al die Christene onder Islamitiese militante in die area trotseer het, erken. "Ek weet nie of julle my volgende Sondag hier sal sien staan nie," het hy vir hulle gesê.

Tydens 'n kuier saam met vriende op Maandag, sy dag af, het iemand die pastor gevra of hy wel is. "Vir die oomblik is ek," het hy gesê. Sy onseker antwoord het een van sy dogters ontstel, wat gevra het: "Hoekom reageer jy op hierdie manier?"

"In die lewe kan alles in 'n minuut verander," het pastor Armel gesê. Minute later het dit egter gebeur.

'n Bende Islamitiese militante het skielik Pastor Armel se huis binnegedring en almal wat teenwoordig was gedreig en beroof voordat hulle hul uit die huis gedwing het. Toe het die Islamiete, wat pas Ouderling Emmanuel vermoor het, met sy voertuig weggery. Die gewapende militante het Pastor Armel, verskeie van sy dogters, sy broer en 'n paar ander Christene in voertuie gelaai en met hulle in die bos ingery.

Die militante het vir drie dae probeer om die Christene te oorreed om tot Islam te keer. Eers het hulle vir die Christene kos voorsien en hulle relatief vriendelik behandel asook die jongmanne aangespoor om wapens op te neem en by hul Islamitiese rebellie aan te sluit. Hulle het ook vir Pastor Armel belowe dat as hy tot Islam keer, hulle hom sou beloon met 'n reis na Mali, waar hy opleiding kon ontvang om een van hulle leiers te word. Die Christene is gedwing om verse uit die Koran op te lê, maar hulle het geweier om aan hulle ontvoerders se eise om tot Islam te keer, toe te gee. "Nie een van ons hier gaan 'n Moslem word nie," het hulle gesê.



Alhoewel hulle standvastig in hul geloof gebly het, het die Christene met tye vir hul lewens gevrees. In daardie oomblikke het Pastor Armel hulle herinner aan Psalm 23, wat sê: "Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie."

Die militante het uiteindelik die meisies en 'n paar jonger seuns vrygelaat. Nadat hulle met hul 'n entjie weggery het, het hulle vir hul gesê om te begin loop en nie terug te kyk nie. Terwyl die groep wegstap, het hulle ses geweskote gehoor, gelykstaande aan die aantal oorblywende gevangenes, insluitend Pastor Armel.

Die Nadraai

Nuus van die moorde het die Christelike gemeenskap van Sebba geskok. Een van Pastor Armel se susters het ineengestort toe sy van haar broer se moord gehoor het en sy sukkel sedertdien met die rouproses.

Ouderling Emmanuel se weduwee, Mariam, het op aandrang van vriende besluit om Sebba saam met haar nege kinders te verlaat nadat sy gehoor dat die

▲ Christene in Burkina Faso volg Christus steeds getrou te midde van toenemende druk van Islamiete.

terroriste beplan om terug te keer. "Hulle het gesê hulle kom terug," onthou sy, "dat hulle nog nie klaar was nie." Mariam se vriende het getroos met die herinnering dat "toe Jesus 'n baba was, Hy ook moes vlug omdat die owerste van die land Hom wou doodmaak."

Toe Frontlinie-Werkers van Mariam se situasie te hore gekom het, het hulle haar en haar kinders van basiese benodigdhede en behuising op 'n veiliger plek, voorsien. Mariam en haar familie het hul dankbaarheid uitgespreek vir die hulp wat hulle van die globale liggaam van Christus ontvang het en sy het gesê hulle woon elke Sondag kerk by terwyl hulle met hul lewens aanbeweeg.

"Dra ons seën oor aan almal wat bygedra het om ons te ondersteun," het Mariam gesê. "Ons het nie geweet dat daar mense baie ver, ver, ver van ons af is wat vir ons gebid het nie. Toe ons daarvan uitvind, het dit ons bemoedig. Dit versterk ons geloof in God. Ons sal daarvan uitvind, het dit ons bemoedig. Dit versterk ons geloof in God. Ons sal aanhou vorentoe beweeg, al is Emmanuel nie meer met ons nie." ●

Smeehamers, Stootskrapers en Gevangenskap

— Kan die Evangelie —

Nie Stuit Nie

Owerhede in Kuba daag dikwels sonder enige waarskuwing op. 'n Groep manne met smeehamers het op 10 Maart, 2020, om 9vm. by Pastor David se kerk opgedaag. "Hulle wou die kerk en alles binne afbreek," het hy gesê, "en hulle het dit met hul 25-pond smeehamers begin kap. Hulle het op daardie uur gekom toe die kerk gesluit was, met die hoop dat niemand hulle sou probeer keer om alles te vernietig nie."

Toe die pastor en ander kerkleiers hoor wat gebeur het, het hulle hulle na

die terrein gehaas en daarin geslaag om die sloopbemannig te keer net voor die dak ineen sou stort. David was emosioneel terwyl hy in ongeloof die verwoeste kerkgebou aanskou. "Jy kan net dink hoe hartseer ons almal was," het hy verduidelik, "na baie jare se opoffering om 'n nederige kerk te kon bou en hoe onregverdig hulle dit afgebreek het."

Dekades gelede het Kuba se revolusionêre leier, Fidel Castro, 'n ateïstiese kommunistiese regering gestig en belowe om godsdien van

die eiland te verdryf. Maar Kubaanse kerkleiers sê die teenoorgestelde het gebeur. "Dit was meer as 60 jaar sedert Fidel dit gesê het," het 'n kerkleier gesê, "maar daar is Christene in Kuba, in baie skole, in geheime kringe in die tronk en in elke munisipaliteit in Kuba. Van oos na wes, noord na suid, is Kuba gevul met die Evangelie."

Soos wat kennis van die Evangelie toeneem in Kuba, so doen ondersoek deur die regering egter ook.

Na 17 jaar van aanbidding saam, trotseer Pastor Faustino se kerk van 100 lidmate dieselfde teenkanting in 2021 as wat David se kerk die vorige jaar trotseer het; die regering het 'n stootskraper gestuur om die kerkgebou heeltemal plat te vee. Alhoewel die gebou vernietig is, het kerklidmate voortgegaan om elke dag onder 'n tydelike dak by die kerkterrein byeen te kom, met die hoop om die regering te oorreed om hulle besluit te verander. Sekuriteitsbeamptes het die Christene daaglik gekonfronteer en druk op hulle geplaas om weg te gaan, maar die kerklidmate het getrou gebly ten



◀ Pastors in Kuba is verbind tot verkondiging van die Evangelie en sorg vir Christus se volgelinge ten spyte van Kommunistiese onderdrukking.



spyte van min voedsel en hoofsaaklik op gepelde rys oorleef.

Ander Kubaanse pastors het selfs onder groter druk te staan gekom. Twee was vir meer as 'n jaar gevange geneem en een is glo gemartel en as 'n "teen-revolusionêre misdadiger" behandel. Tog het die Kommunistiese Party se pogings om kerke in Kuba met smeehamers, stootskrapers en gevangenskap te verpletter, bly misluk. Al wat oorbly van pastor David se kerkgebou is die dak, tog bly sy gemeente bymekaarkom vir aanbidding en gemeenskap. Hulle ontmoet op stoepe en in kombuise, in landerye en onder bome. Hulle doop ook nuwe Gelowiges in skoongemaakte varkhokke. "Ondanks alles, groei die

gemeente steeds meer en meer," het David gesê.

Nog 'n pastor, 'n weduwee wat sukkel om vir haar twee tieners te voorsien, daag owerhede uit wat gereeld druk op haar plaas om haar kerklike aktiwiteite te stop. "Ek eis dat hulle my wys watter wet ek oortree het," het sy gesê. Sedert die owerhede nog nooit 'n spesifieke wet aangehaal het nie, gaan sy voort met haar bedieningswerk. Kubaanse Christene, soos hierdie getroue pastor, vra vir gebed dat hulle voortaan standvastig in hulle geloof sal bly.

Een Kubaanse pastor is deur 'n senior VN-amptenaar meegedeel dat hy namens Kubaanse Christene met die Pous, die president van die Verenigde

▲ Cuban Kubaanse Christene het hul eredienste hervat nadat owerhede hul kerkgebou byna vernietig het.

State en Kuba se leier, kon praat. "Wat wil jy hê moet ek vir hulle sê om vir die kerk in Kuba te doen?" het die VN-amptenaar gevra.

Die pastor het geantwoord dat hulle niks van die Pous, die president of Kuba se leier wil hê nie. "Ons vra nie dat vervolging verwyder moet word nie," het hy vir die amptenaar gesê. "Ons wil net hê mense moet bid dat ons getrou sal bly." ●

www.persecutionsa.org

Spreuke 15:1-11 - AFR53

1. 'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom. 2. Die tong van die wyse getuig van grondige kennis, maar die mond van die dwase laat sotheid uitborrel. 3. Op elke plek is die oë van die HERE, en hulle beskou opmerkzaam die slegtes en die goeies. 4. Sagtheid van tong is 'n lewensboom, maar valsheid daarin is verbreking in die gees. 5. Die sot verag die tug van sy vader, maar hy wat op die teregwysing ag gee, word wys. 6. In die huis van die regverdige is 'n groot skat, maar in die inkomste van die goddelose is verwarring. 7. Die lippe van die wyse strooi kennis uit, maar die hart van die dwase is nie reg nie. 8. Die offer van die goddelose is vir die Here 'n gruwel, maar die gebed van die opregtes is Hom welgevallig. 9. Die wandel van die goddelose is vir die HERE 'n gruwel, maar hom wat geregtigheid najaag, het Hy lief. 10. 'n Strenge tugtiging is daar vir hom wat die pad verlaat; hy wat die teregwysing haat, sal sterwe. 11. Die doderyk en die plek van vertering lê oop voor die HERE, hoeveel te meer die harte van die mensekinders!

Waar is hulle nou?



» AIDA SKRIPNIKOVA van DIE VOORMALIGE SOWJETUNIE

Verskeie SVM-nuusbriefe, 1970 – 1992

Aida Skripnikova was altesaam vier jaar tronk toe in die Sowjetunie (USSR) toe sy in haar 20's was. Haar misdade was die ontvangs van Bybels wat in die land ingesmokkel is en die verspreiding van inligting oor Christene wat weens hul geloof deur Kommunistiese owerhede gevange geneem is.

Vroeër vanjaar het Aida, nou 82 en woonagtig in St. Petersburg, Rusland, familieleden in die Oekraïne besoek toe die oorlog uitbreek het. Die stad waar sy gebly het is gebombardeer en vir etlike opeenvolgende dae met granate bestook, wat die dood van 54 mense veroorsaak het toe 'n woonstelgebou getref is. Daarbenewens is die skool in haar familie se buurt en die grootste supermark in die stad verwoes. Op een aand van Aida se besoek, het lugaanvalsirenes vyf keer geklink, wat haar en haar familie gedwing het om skuiling te neem in die woonstelgebou se kelder - die enigste veilige plek om weg te kruip van Russiese bomme en artillerie skrapnel.

Vir drie weke is nutsdienste soos elektrisiteit, gas en water ontstig. Aida het gesê dat sy gedurende haar verblyf Psalm 91, spesifiek vers 1, onthou, wat sê: "Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige." SVM en ander lede van die liggaam van Christus het Aida se veilige terugkeer na haar huis in St. Petersburg verseker. Bid asseblief voortdurend vir haar terwyl sy as 'n getroue getuënis van Christus in Rusland dien. ■

» DANJUMA van NIGERIË

Oktober 2015 Nuusbrief


Sowat agt jaar gelede het Islamitiese oproeriges Danjuma se dorpie aangeval, huise afgebrand en Christene doodgemaak. Toe hulle Danjuma, wat toe 13 was, sien, het sommige van die aanvallers sy kop met 'n kapmes gekap, sy regteroog uitgekerf, na sy linkerarm gekap en hom vir dood agtergelaat.

Later, toe oorlewendes grafte gegrawe het vir diegene wat doodgemaak is, het hulle Danjuma hoor huil en skree. Toe hulle sy haglike toestand sien, het hulle hom na die naaste hospitaal geneem waar hy gestabiliseer en behandel is.

Maande ná die aanval het Danjuma aan 'n Frontlinie-Werker gesê dat hy diegene vergewe het wat hom vermink het en vir dood agtergelaat het. "Ek vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie," het hy gesê en die woorde van Christus aan die kruis herhaal. "As hulle liefde gehad het, sou hulle nie so opgetree het nie."

Danjuma het 'n lang pad gestap sedert die aanval. Nadat hy veelvuldige operasies en uitgebreide rehabilitasie ondergaan het, het hy by 'n skool vir blindes ingeskryf. In 2020 het sy ouer broer, John, vir hom begin sorg.

John gaan voort om in Danjuma se behoeftes te voorsien en bestudeer die Bybel saam met hom. Hy help ook sy jonger broer met skoolwerk. Omdat Danjuma moes leer hoe om Braille te lees, het hy in wese sy opleiding weer begin. Danksy ywerige werk het Danjuma nou tot hoërskool gevorder. In Julie 2022 het hy sy eerste Christelike kamp bygewoon, gesentreer rondom die tema "Geheilig". Die SVM-geborgde afsondering help jong volwassenes uit vervolgte gesinne om te verstaan hoe belangrik dit is om 'n suiwer, heilsame lewe te lei. Terwyl hy by die kamp was, het Danjuma sy lewe opnuut aan Christus toegewy en baie nuwe vriende gemaak. ■



Gebedsdagboek

Januarie/Februarie 2023

JANUARIE

- S 15 SRI LANKA** **Bid dat die volgende generasie Christenleiers tot Bybelse volwassenheid sal groei.**
M 16 ISRAEL Bid dat Islamitiese groepe gestuit sal word in hulle pogings om Christenaktiwiteite teen te staan.
D 17 KENIA Bid vir dorpspastors wat vir die eerste keer teologiese opleiding ontvang.
W 18 MALEDIVE Bid vir diegene wat aan geskrewe en oudio-vertalings van die Bybel in die Divehi-taal werk.
D 19 MEXICO Bid vir suksesvolle uitreikaktiwiteite vir kinders in suidelike Mexico.
V 20 TADJIKISTAN Loof die Here vir die groeiende aantal Tadjikse Christene en pastors.
S 21 IRAK **Bid dat kerkleiers geleenthede sal kry om met die Evangelie aan vlugteling uit te reik.**
S 22 MALI **Bid dat die Evangelie na mense in onbereikte gebiede sal deurdring.**
M 23 VAE* Bid vir Christene wat hulle werke, huise en familieverhoudings weens hulle geloof verloor het.
D 24 TANZANIË Bid dat 72 jong Christene wat deur hulle families verstoot is, 'n tuiste sal vind.
W 25 DJIBOETI Bid vir die wysheid van Christene wat die Evangelie deur middel van sosiale media met Moslems deel.
D 26 VIËTNAM Bid dat elke stam in Viëtnam Christene sal insluit en Bybels in hulle taal sal hê.
V 27 TUNISIË Bid dat plaaslike kerke verwelkomend en wys sal wees terwyl hulle evangeliseer.
S 28 BHOETAN **Bid vir Christene terwyl hulle openbare aanbidding bywoon onder dreigemente van arrestasie.**
S 29 JEMEN **Bid vir die voortdurende sterk getuieis van 'n kerk wat deur gewapende mans gestroop is.**
M 30 LAOS Bid dat die Evangelie voortdurend onder minderheidsgroepe sal versprei.
D 31 TURKYE Bid vir buitelandse werkers wat gedeporteer word as hulle van sendingwerk verdink word.

FEBRUARIE

- W 1 ETIOPIË Bid dat kerkleiers te midde van Etiopië se konflik in Christus verenig sal wees bo ander lojaliteite,
D 2 CHINA Bid vir onbeperkte toegang tot Bybels en Christelike studiehulpmiddels.
V 3 PAKISTAN Bid vir die geestelike groei van kinders wat die Evangelie deur Sondagskoolbediening hoor.
S 4 ERITREA **Bid dat Christene wat deur vervolging verstrooi word, instrumente van die Evangelie sal wees waar hulle ook al is.**
S 5 MIANMAR **Bid dat evangeliesasiepogings ongehinderd sal wees deur politieke omwenteling. (BIRMA)**
M 6 NIGER Bid dat nuwe Gelowiges Christelike gemeenskap sal hê en in God se Woord sal groei.
D 7 OMAN Bid dat Omane wat die Evangelie hoor hulle geloof in Jesus Christus sal plaas.
W 8 BHOETAN Bid dat Nepalese en Indiese Gelowiges die Evangelie met hulle Bhoetanese bure sal deel.
D 9 AZERBEIDJAN Bid vir herlewing terwyl Christene verheug is in God se standvastige liefde (Psalm 85:6-7).
V 10 COMORE Bid dat evangeliste wat motorfietse ontvang in staat sal wees om meer mense met die Evangelie te bereik.
S 11 BANGLADES **Bid dat diegene wat Bybels en hulpbronne na landelike gebiede neem, toeganklike roetes sal vind.**
S 12 NIGERIË **Bid vir Rejoice, 'n f5-jaroge meisie wat deur militante Islamitiese Fulani ontvoer is.**
M 13 MALEISIË Bid vir die familie van Pastor Raymond Koh wat op hierdie dag in 2017 ontvoer is.
D 14 TUNISIË Bid dat nuwe Gelowiges stewig in hulle geloof gevestig sal wees om voor te berei vir komende vervolging.
W 15 ISRAEL Bid dat Christene wat deur hulle families verwerp is, deur Christus se liefde vertrous sal word
D 16 MEXICO Bid vir die suksesvolle verspreiding van Bybels in geïsoleerde gemeenskappe hierdie jaar.
V 17 SIRIË Bid vir Aaron en Khalil, twee broers wie se plaas deur ISIS-aanvallers vernietig is.
S 18 VAE* **Bid vir Christenwerkers wat hulle beroepe gebruik om Moslems vir Christus te bereik.**

*VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org | Facebook@[cmivomsa](https://www.facebook.com/cmivomsa) | Instagram@[cmi](https://www.instagram.com/cmivomsa) - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

www.persecutionsa.org/donate